

Tema: Leef 'n lewe waarvan God hou

Skriflesing: Spreuke 6:12-23

Dit is vandag by die doop van 'n baba, met haar lewe wat voorlê, 'n goeie geleentheid om vir mekaar te vra: "Wat is regtig belangrik?"

Dit is vandag ook biddag vir bejaardes. Baie van hulle wat 'n lang lewe gehad het, sal vandag terugkyk en sou 'n dalk paar dinge anders wou gedoen het. Hulle voel dalk dat hulle hul te veel bekommer het oor 'n klomp goed wat nooit gebeur het nie, of hulle was te lang ure by die werk of hulle het te veel tyd op nonsense gemors.

Ons lees die volgende verse in Efesiërs wat beklemtoon dat ons reg moet lewe:

"Julle moet uitvind waarvan die Here hou en julle moet dit doen." (Efes 5:10)

¹⁵Daarom moet julle seker wees dat julle reg lewe. Julle moet die regte dinge doen en sê.

Julle moenie verkeerde dinge doen en sê nie.

¹⁶Julle moet elke minuut reg gebruik, elke minuut wat julle lewe, want dit is nou die tyd wanneer mense slegte dinge doen.

¹⁷Julle moenie dom dinge doen nie, julle moet seker wees dat julle verstaan wat die Here wil hê julle moet doen.

¹⁸Julle moenie wyn drink en dronk word nie, want dan doen julle verkeerde en slegte dinge.

Nee, julle moet altyd doen wat die Heilige Gees wil hê julle moet doen.

¹⁹Julle moet sing wanneer julle bymekaar is, julle moet psalms en gesange en ander liedere sing. Julle moet sing en julle moet die Here prys met julle hele hart. ²⁰Julle behoort aan ons Here Jesus Christus en julle moet altyd vir God ons Vader dankie sê vir alles." (Efes 5:10)

'n Mens wil amper vra, maar is dit al? Ons moet net altyd vir God dankie sê vir alles?

Ja, dit is 'n lewe waarvan God hou. Maar hoe lyk so dankbare lewe?

Die Here wil hê dat ons moet liefhê. Die is sy groot gebod.

En dan roep Hy ons ook op om te getuig, om dissipels van al die nasies te maak. Dit is sy groot opdrag.

By sy groot gebod oor liefde het ons die laaste paar sondae stilgestaan.

Ons het stilgestaan by die oproep aan ons as Christene in 1 Joh 2:3-6 om- soos Christus - liefde te leef. Ons moet God liefhê bo alles en ander mense liefhê soos Christus.

Twee weke gelede het ons gekyk na God se liefde en voorsiening vir Abraham en Isak en ook na Abrahamse onvoorwaardelike geloof dat die Here sal voorsien.

Verlede week het ons die oproep van die Here aan die gemeente in Efese, maar ook aan elkeen van ons, gehoor om Homso lief te hê soos aan die begin.

Dit is 'n lewe waarvan God hou. Maar kom ons gaan kyk nog bietjie meer spesifiek hoe so lewe lyk.

In Spr 6:16-19 lees ons van 7 dinge wat die Here haat of verafsku. Dit is alles dinge wat tot nadeel van ander mense is.

As ons nou weet waarvan Here nie hou nie, wat is die ander kant van die munstuk? Waarvan hou Hy? Kom ons kyk weer na die verse. Ons kyk daarna van bo na onder, van kop tot voete.

Gedagtes

Die Here veragsku gedagtes wat met komplotte besig is.

Ons lees in Fil 4:8: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.”

Ons lees in Spr 4:23 in die Boodskap: “Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed.”

Ons moet ons denke vul met die Woord en al meer beheer oorgee aan die Heilige Gees. Dan sal ons dink oor dinge wat vir God saakmaak – dinge waaraan God sal dink en waarvan Hy sal hou.

Oë

Die Here verafsku oë wat straal van hoogmoed.

Die Here hou van oë wat nie afkyk nie, maar ander in die oë kyk. Hy hou van nederige oë. In Johannes 13 was die Here sy dissipels se voete en dan sê Hy in Joh 13:14-17: ¹⁴“As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. ¹⁵Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. ¹⁶Dit verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. ¹⁷Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen.”

Tong

Die Here verafsku 'n tong wat lieg en ook 'n getuie wat lieg.

Hy hou van die waarheid waarvan ons in Efesiërs 4:15+25 lees:

¹⁵“Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,

²⁵Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.”

Ons is volgelinge van Hom wat die Waarheid is – leef en praat die waarheid.

Hart en tong

Die Here verafsku iemand wat rusie stook tussen broers.

Hy hou van vredemakers. Daarom is Romeine 12:18 vir ons so belangrik: ¹⁸“As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.”

Hande

Die Here verafsku hande wat met bloed bevlek is en ander se ondergang bewerk.

Die Here rus ons toe en roep ons op om goed te doen en met ons hande 'n positiewe verskil te maak in iemand se lewe soos wat die Barmhartige Samaritaan (Luk 10:25-37) gedoen het.

Kerkmense en leiers wil nie aan die beseerde man langs die pad vat nie, want hulle is bang dat hy hulle onrein sal maak.

Die Barmhartige Samaritaan het, ook met sy hande, betrokke geraak. Hy het die man se wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind, hy het die man op sy rydier gehelp, hom na 'n herberg geneem en daar verder versorg. Hy haal 2 muntstukke uit en vra vir die herbergier om vir die man te sorg.

Voete

Die Here veragsku voete wat net die koers van die kwaad ken.

Hy hou daarvan wanneer ons as Sy kinders mekaar in die woorde van 1 Kor 11:1 kan oproep: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."

So 'n lewe waarvan die Here hou is vir ons 'n lig wat lei na 'n gelukkige en vol lewe as 'n geskenk uit die hand van God.

Amen